Ordonnansie op Natuurbewaring, 1969, Ord 8 van 1969

Om voorsiening te maak vir die bewaring van diere en plante en die jag van diere wat skade veroorsaak en vir sake wat daarmee in verband staan.

(Afgekondig 12 Desember 1969)
(Datum van inwerkingtreding - 1 Januarie 1970)
(Engelse teks geteken)

_____

INDELING VAN ORDONNANSIE

	Artikels	*Bladsy*
Hoofstuk I Inleiding	1	1
Hoofstuk II Wilde diere	2 – 21	3 - 7
Hoofstuk III Vis	22 – 29	8 - 9
Hoofstuk IV Inheemse Plante	30 – 34	9 - 10
Hoofstuk V Natuurreservate	35 – 36	11 – 12
Hoofstuk VI Algemeen	37 – 47	12 – 16
	Bylaes	
	1	16
	2	17
	3 – 6	18 - 19
	7 – 8	20
	Regulasies	
Natuurbewaringsregulasies	1 – 19	21 - 28

HOOFSTUK I
INLEIDING

Woordbepaling

1 In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

"***Administrasie***" die Provinsiale Administrasie van die Oranje Vrystaat;

"***Administrateur***" die Administrateur handelende op die advies van en met die toestemming van die Uitvoerende Komittee van die Provinsie;

"***bedreigde soort***" met betrekking tot 'n dier of plant, 'n soort gespesifiseer in Aanhangsel I by die Konvensie oor die Internasionale Handel in Bedreigde Soorte van Wilde Fauna en Flora (Washington, 1973) en ook enige herkenbare deel of derivaat van sodanige soort;

"***bevoegde beampte***" 'n beampte of ere-beampte wat kragtens artikel 39(1) aangestel is, en –

(i) 'n Lid van die Mag soos omskryf in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958):

(ii) 'n verkeersbeampte aangestel kragtens artikel 3 van die Padverkeerswet,1989 (Wet 29 van 1989);

"***biltong***" vleis wat met die oog op bewaring drooggemaak is of in die proses van droogmaak is;

"***Direkteur-generaal***" die Direkteur-generaal, Provinsiale Administrasie van die Oranje Vrystaat;

"***eienaar***" met betrekking tot grond, -

(a) in die geval van grond wat aan iemand verhuur word waar sodanige huurder nie deur die eienaar belet word om die regte van 'n eienaar ingevolge hierdie Ordonnansie uit te oefen nie, sodanige huurder;

(b) in die geval waar die eienaar dood is of die grond van die hand gesit het, sy regsopvolger voor die registrasie van die oordrag van die grond;

(c) in die geval van grond wat aan vruggebruik onderworpe is, die vruggebruiker daarvan;

(d) in die geval waar in die Registrasiekantoor aangeteken is dat die eiendomsreg op die grond by 'n bepaalde persoon berus, sodanige persoon;

(e) in alle ander gevalle, die geregistreerde eienaar daarvan,

en ook, in die geval van grond wat nie deur die eienaar daarvan bewoon word nie, die persoon wat die grond werklik bewoon en die algemene beheer daaroor uitoefen mits hy skriftelik deur die eienaar gemagtig is om namens hom op te tree;

Met dien verstande dat –

(i) wanneer twee of meer persone gesamentlik eienaars van grond is, net daardie een van hulle wat skriftelik deur die meerderheid van sodanige persone vir die doel aangewys is, geag word die eienaar van die grond te wees;

(ii) wanneer 'n regspersoon of 'n genootskap van persone die eienaar van grond is, die persoon wat skriftelik deur die regspersoon of genootskap vir die doel aangewys is, geag word die eienaar van die grond te wees;

(iii) niemand as eienaar van grond beskou word bloot uit hoofde daarvan dat hy die houer is van die jag- of hengelregte ten opsigte daarvan nie;

"***familielid***" met betrekking tot eienaar van grond, die gade of 'n ouer, kind, broer, suster of kleinkind, hetsy by bloed- of aanverwantskap of by wet, van sodanige eienaar;

"***gevangenskap***" met betrekking tot 'n dier, die inperking of verminking van sodanige dier in so 'n mate dat sy natuurlike lewenswyse nie gehandhaaf kan word nie;

"***gif***" ook enige gif, preparaat of chemiese stof wat gebruik word om 'n wilde dier te vang, te immobiliseer, te steriliseer of fisies te benadeel;

"***hengel***" om vis met 'n lyn en vishoek, ongeag of 'n stok gebruik word of nie, te vang;

"***hengelgerei***" enige visgereedskap, apparaat of ander toestel of enige deel daarvan wat gewoonlik gebruik word om vis meet e vang;

"***hierdie Ordonnansie***" ook 'n proklamasie, regulasie of kennisgewing daarkragtens uitgevaardig;

"***inheemse plant***" enige soort plant wat in die Republiek of die gebied Suidwes-Afrika inheems is (ongeag of dit gekweek word of is en ongeag of dit nie meer wild groei nie of vir 'n tydperk nie wild gegroei het nie) en ook die blom, saad, vrug, bol, knol, stam, wortel of enige ander gedeelte van sodanige plant maar nie 'n plant wat ingevolge enige wet tot onkruid verklaar is nie;

"***jag***" -

(a) om op watter wyse ookal dood te maak of te vang of te probeer om dood te maak of te vang;

(b) om te skiet na;

(c) om te soek na, te agtervolg of voor te lê met die doel om dood te maak, te skiet na of te vang; of

(d) om opsetlik te verstoor;

"***natuurlike aas***" enige dierlike of plantaardige materiaal (hetsy lewend of dood, uitgesonderd lewende waterfauna wat in die omgang as vis bekend is) wat by hengel gebruik word;

"***ontvanger van inkomste***" 'n amptenaar wat onder die beheer, leiding of toesig van die Sekretaris van Binnelandse Inkomste as belastinggaarder vir 'n gebied optree;

"***openbare pad***" 'n pad waartoe die publiek of deel daarvan 'n reg van toegang het en ook 'n ruskamp soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op paaie, 1968 (Ordonnansie 4 van 1968);

"***pluk***" ook versamel, afsny, afkap, ontwortel, beskadig of vernietig;

"***skaars soort***" met betrekking tot 'n dier of plant, 'n soort gespesifiseer in Aanhangsel II by die Konvensie oor die Internasionale Handel in Bedreigde Soorte van wilde Fauna en Flora(Washington,1973) en ook, in die geval van 'n dier, enige redelike herkenbare deel of derivaat van sodanige soort;

"***stellyn***" 'n lyn en vishoek wat, wanner dit gebruik word om vis mee te vang, nie onder die onmiddellike bewaking van 'n persoon is nie maar aan iets vasgemaak is, maar omvat nie 'n lyn en vishoek wat vasgemaak is aan 'n katrol en stok wat los op die grond lê nie;

"***uitheemse dier***" enige lewende werweldier(uitgesonderd 'n vis) behorende tot 'n soort wat nie 'n huisdiersoort is nie en waarvan die natuurlike tuiste nie in enige deel van die Republiek of die gebied Suidwes-Afrika is nie en ook die eier van sodanige dier;

"***vang***" met betrekking tot vis, ook die gebruik van enige middel of metode om vis te neem (hetsy lewendig of dood), te beseer, te immobiliseer of te dood;

"***verkoop***" ook om te verruil of om teen enige vergoeding hoegenaamd van die hand te sit of om vir verkoop aan te bied of te vertoon;

"***voorgeskrewe of voorgeskryf***" by regulasie kragtens hierdie Ordonnansie voorgeskryf:

"***wapen***" 'n vuurwapen of 'n ander wapen of werktuig waarmee 'n projektiel so voortgedryf kan word dat dit 'n wilde dier kan doodmaak, beseer of immobiliseer en ook ammunisie vir gebruik in so 'n vuurwapen en enige projektiel vir gebruik in verband met so 'n ander wapen of werktuig asook enige chemiese stof of preparaat vir gebruik in verband met so 'n projektiel;

"***waters***" ook die water in 'n rivier, stroom, spruit, meer, pan vlei, dam, reservoir, voor of vywer;

"***wild***" enige soort beskermde of gewone wild(hetsy lewendig of dood) in artikels 2 en 3 bedoel;

"***wilde dier***" enige werweldier('n voël en reptiel inbegrepe maar nie 'n vis nie) wat nie 'n huisdiersoort is nie en waarvan die natuurlike tuiste of tydelik of voortdurend in enige deel van die Republiek of die gebied Suidwes-Afrika is en omvat die karkas, eier, vleis(vars of berei), biltong, en die onverwerkte of gedeeltelik bewerkte huid, vel, riem, tand, been, horing, dop, skub, klou, nael, hoef, poot, stert, haar, veer, of enige ander gedeelte van sodanige werweldier.

HOOFSTUK II
WILDE DIERE

Beskermde wild

2(1) Die soorte wilde diere gespesifiseer in Bylae1 by hierdie Ordonnansie word hierby tot beskermde wild verklaar.

(2) Geskrap

(3) Niemand mag beskermde wild jag nie, behalwe kragtens 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word

Gewone wild

3(1) Die soorte wilde diere gespesifiseer in Bylae 2 by hierdie Ordonnansie word hierby tot gewone wild verklaar

(2) Geskrap

Jagseisoene

4 Die Administrateur kan by proklamasie verklaar dat gewone wild, of gewone wild van 'n bepaalde soort, of 'n bepaalde getal van sodanige wild of soort gedurende 'n bepaalde tydperk in die Provinsie, of in 'n bepaalde gebied van die Provinsie, deur enige persoon, of persone van 'n bepaalde klas, gejag mag word.

Verbod op jag van gewone wild

5(1) Niemand mag gewone wild jag nie, tensy sodanige jag by proklamasie ingevolge artikel 4 gemagtig is: Met dien verstande dat die bepaling nie van toepassing is nie op 'n jag-

(a) wat in 'n ingevolge artikel 36(1) verklaarde private natuurreservaat deur die eienaar van die reservaat of iemand onder sy direkte toesig uitgevoer word;

(b) van gewone wild, gedurende die tydperk tussen 'n halfuur voor sonop en 'n halfuur na sononder, deur die eienaar van grond terwyl sodanige wild besig is om aangeplante bome of verboude gewasse op sodanige grond te beskadig;

(c) gemagtig deur 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word.

(2) Niemand mag gewone wild jag nie, tensy –

(a) hy die houer is van ‘n lisensie wat ooreenkomstig artikel 37(2) uitgereik is en hom magtig om gewone wild te jag; en

(b) hy onder die direkte toesig is van die eienaar van die grond waarop hy jag of die skriftelike toestemming van sodanige eienaar, bevattende die voorgeskrewe besonderhede, by hom dra terwyl hy jag;

Met dien verstande dat die bepaling nie van toepassing is nie op die eienaar van grond of ‘n familielid van sodanige eienaar, of ‘n voltydse werknemer van sodanige eienaar wat in opdrag van sodanige eienaar optree, wanneer hy op sodanige grond jag.

Jag gedurende nag

6 Uitgesonderd wild gespesifiseer in Bylae 8 mag niemand wild gedurende die tydperk tussen ‘n halfuur na sonder en ‘n halfuur voor sonop jag nie, behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word.

Verbod op jag met of neerlê van gif

7(1) Niemand mag met gif jag of gif op enige plek waar dit waarskynlik deur ‘n wilde dier opgetel kan word, neerlê of laat neerlê nie, behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word: Met dien verstande dat die neerlê van gif om knaagdiere of insekte te vernietig nie belet word nie, mits sodanige gif, gif is wat uitsluitlik vervaardig is vir gebruik teen knaagdiere of insekte.

(2) Niemand, behalwe ‘n veearts soos omskryf in die Wet op Veterinêre en Para-veterinêre Beroepe, No 19 van 1982, mag ‘n wilde dier met behulp van ‘n wapen of ander toestel wat ‘n bedwelmende middel of gif in ‘n dier inspuit, jag nie, behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word.

Jag met sekere wapens verbied

8 Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand wild deur middel van ‘n –

(a) wapen wat meer as twee skote agtereenvolgend kan afvuur en wat, nadat dit afgevuur is, vanself weer laai en afvuur slegs deur die sneller te trek of deur dit in die afgevuurde posisie te hou:

(b) Geskrap

(c) Geskrap

Met dien verstande dat die eienaar van grond of ‘n familielid van sodanige eienaar, of ‘n voltydse werknemer van sodanige eienaar wat in opdrag van sodanige eienaar optree, nie belet word om met so ‘n wapen op sodanige grond te jag nie.

Jag met sekere toestelle verbode

9 Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand ‘n wilde dier met behulp van –

(a) ‘n strik, slagyster, val, net, voëllym, vanggat, vangkraal, vanghok of enige ander soortgelyke middel, toestel of metode;

(b) kierie, stok of soortgelyke wapen;

(c) ‘n stelgeweer of soortgelyke toestel; of

(d) ‘n hond

jag nie: Met dien verstande dat –

(i) die eienaar van grond, ‘n familielid van sodanige eienaar of ‘n voltydse werknemer van sodanige eienaar wat in opdrag van sodanige eienaar optree, nie belet word om ‘n wilde dier

wat nie wild is nie, op sodanige grond met behulp van enige sodanige middel, toestel, metode of wapen of ‘n hond te jag nie;

(ii) dit nie belet word dat ‘n hond by die wettige jag op voëls of by die agtervolging van ‘n wilde dier wat by ‘n wettige jag gekwes is, gebruik word nie.

Verbod op besit van sekere toestelle waarmee gejag kan word.

10 Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand behalwe -

(a) die eienaar van grond, of

(b) ‘n familielid of voltydse werknemer van sodanige eienaar wat die skriftelike toestemming van sodanige eienaar daarvoor het,

op sodanige grond in besit wees van ‘n strik, slagyster, val, net, voëllym, vanghok of ander toestel wat bedoel of geskik is vir die jag van wilde diere of ‘n vanggat of vangkraal daarop maak nie.

Verbod op verkoop of koop van wilde dier

11(1) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand ‘n wilde dier verkoop nie, met dien verstande dat –

(a) die eienaar van grond nie belet word om wild wat wettiglik op sodanige grond gejag is, te verkoop nie;

(b) die houer van ‘n slagterslisensie, uitgereik ingevolge die Ordonnansie op Lisensies No 8 van 1972, nie belet word om die karkas of vleis van wild wat wettiglik gejag is, te verkoop nie, mits hy op die voorgeskrewe wyse ‘n aantekening hou van sodanige karkasse of vleis deur hom verkry.

(2) Niemand mag ‘n wilde dier verkoop nie tensy hy, wanneer hy die dier lewer, aan die koper daarvan ‘n dokument wat die voorgeskrewe besonderhede bevat, oorhandig.

(3) Niemand mag –

(a) ‘n wilde dier koop nie behalwe van iemand wat dit wettiglik ingevolge subartikel (1) verkoop; of

(b) in besit wees van ‘n wilde dier wat hy gekoop het nie, tensy hy die houer is van ‘n dokument in subartikel (2) bedoel.

Skenking van ‘n wilde dier

12(1) Niemand mag ‘n wilde dier aan iemand skenk nie tensy hy, wanneer hy die wilde dier lewer, aan die ontvanger daarvan ‘n dokument wat die voorgeskrewe besonderhede bevat, oorhandig.

(2) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand ‘n wilde dier wat kragtens ‘n permit ingevolge artikel 14(1) in gevangenskap gehou word, aan iemand skenk nie.

(3) Niemand mag in besit wees van ‘n wilde dier wat aan hom geskenk is nie, tensy hy die houer is van ‘n dokument in subartikel (1) bedoel.

Vervoer van wilde dier

13(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), mag niemand ‘n wilde dier vervoer nie, tensy hy ten tyde van die van die vervoer by hom het –

(a) in die geval waar die wilde dier deur hom kragtens ‘n permit, lisensie of toestemming bedoel in artikel 2(3) of 5 gejag is, sodanige permit, lisensie of toestemming;

(b) in die geval waar die wilde dier aan hom geskenk is, die dokument of permit in artikel 12 bedoel;
(c) in die geval waar hy die wilde dier in die Provinsie ingevoer het, die permit in artikel 16 bedoel;
(d) in die geval waar die wilde dier deur die Provinsie vervoer word, gesaghebbende dokumente wat aandui dat die uitvoer daarvan uit die gebied van herkoms en die invoer daarvan in die gebied van bestemming wettig is; of
(e) in alle ander gevalle, 'n gesaghebbende dokument wat aandui dat die wilde dier wettiglik gejag of verkry is.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op die eienaar van grond waarop die wilde dier wettiglik gejag is nie.

(3) Niemand mag 'n wilde dier vervoer of laat vervoer nie, tensy sodanige vervoer geskied op sodanige wyse en in sodanige houers of kratte as wat voorgeskryf is.

Verbode handelinge met betrekking tot wilde en uitheemse diere.

14(1) Niemand mag 'n lewende wilde dier in gevangenskap aanhou nie, behalwe kragtens 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie in die geval waar wild wat wettiglik gejag is en vir verkoop of skenking ooreenkomstig die bepalings van artikel 11 of 12 bestem is, vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae in gevangenskap gehou word en, terwyl dit aldus in gevangenskap is, behoorlik gehuisves en versorg word.

(2) Behalwe kragtens 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand –
(a) enige deel van die liggaam van 'n wilde of uitheemse dier van 'n soort in Bylae 3 gespesifiseer, besit, vervoer, koop, verkoop, skenk, ruil, verwerk of 'n produk daaruit vervaardig nie;
(b) enige sodanige verwerkte deel of produk verkoop nie; of
(c) 'n verwerkte deel of produk van 'n renosterhoring besit nie.

(3) Behalwe kragtens 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand enige roofvoëlsoort, wat 'n wilde dier is, opstop of in 'n opgestopte vorm besit nie.

(4) Niemand mag wilde diere jag wat nie wild is soos omskryf nie, tensy hy onder die direkte toesig is van die eienaar van die grond waarop hy jag of die skriftelike toestemming van sodanige eienaar, bevattende die voorgeskrewe besonderhede, by hom dra terwyl hy jag; Met dien verstande dat die bepaling nie van toepassing is nie op die eienaar van grond wanneer hy op sodanige grond jag.

Uitvoer van diere.

15 Niemand mag –
(a) 'n dier van 'n bedreigde of skaars soort; of
(b) 'n wilde dier van enige ander soort,
uit die Provinsie uitvoer nie, behalwe kragtens 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word: met dien verstande dat die uitvoer na 'n ander Provinsie of die gebied Suidwes-Afrika van die karkas, vars vleis of biltong van enige sodanige wilde dier van 'n ander soort wat wettiglik gejag of verkry is, nie belet word nie.

Invoer van diere.

16 Niemand mag –

(a) ‘n dier van ‘n bedreigde of skaars soort; of
(b) ‘n wilde of uitheemse dier van enige ander soort,
in die Provinsie invoer nie, behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word: met dien verstande dat die invoer van ‘n ander Provinsie of die gebied Suidwes-Afrika van die karkas, vars vleis of biltong van enige sodanige wilde dier van ‘n ander soort, nie belet word nie indien dit vergesel gaan van ‘n gesaghebbende dokument wat aandui dat dit wettig gejag of verkry is in sodanige Provinsie of gebied.

Administrateur kan wilde of uitheemse dier laat jag.

17(1) Wanneer ‘n wilde of uitheemse dier wat op grond aangetref word, na die mening van die Administrateur-
(a) skadelik is vir die behoud van enige dier of plant;
(b) waarskynlik ‘n gevaar vir mense inhou;
(c) gekwes, siek of beseerd is; of
(d) in die belang van Natuurbewaring gejag behoort te word,
kan die Administrateur enigiemand magtig om sodanige grond te betree om sodanige dier daarop te jag: met dien verstande dat, behalwe in die geval wanneer ‘n dier in die loop van ‘n jag vlug en onmiddellike op enige grond agtervolg word, sodanige persoon die eienaar van die grond, indien hy by die aanvang van die jag op die grond teenwoordig is, in kennis moet stel van sy voorneme om op die grond te jag en hom moet raadpleeg oor die wyse waarop die jag uitgevoer gaan word.

(2) Die karkas van ‘n dier wat tydens ‘n jag ingevolge subartikel (1) gedood is, word die eiendom van die Administrateur.

Jag op uitheemse dier.

18 Behalwe in die omstandighede in artikel 17 bedoel, mag niemand ‘n uitheemse dier op enige grond jag nie tensy hy die eienaar van die grond is of onder die direkte toesig van sodanige eienaar jag of, terwyl hy jag, die skriftelike toestemming, bevattende die voorgeskrewe besonderhede, van sodanige eienaar om sodanige dier te jag, by hom het.

Verbode handelinge ten opsigte van uitheemse diere.

19(1) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand –
(a) ‘n uitheemse dier in die Provinsie vrylaat nie; of
(b) ‘n uitheemse dier in Bylae 4 by hierdie Ordonnansie genoem, in gevangenskap of onder sy beheer of toesig hou, verkoop, skenk of op ‘n ander wyse van die hand sit, koop of op enige ander wyse verkry of vervoer nie.

(2) Geskrap

Verbod op organisasie van jag teen beloning

20(1) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand ‘n jag waaraan ‘n persoon wat nie ‘n inwoner van die Republiek is nie, deelneem, teen beloning organiseer of reël nie.

(2) Vir die toepassing van subartikel (1) beteken “inwoner” iemand wat vir ‘n tydperk van minstens ‘n jaar wat die datum van die betrokke jag onmiddellike voorafgaan, in die Republiek woonagtig was.

Betreding van grond met wapen en jag op openbare pad

21 Niemand mag –

(a) terwyl hy in besit van ‘n wapen is, sonder wettige rede, enige grond, behalwe ‘n openbare pad, waarop wild waarskynlik aangetref kan word, betree of daarop wees nie, tensy hy die skriftelike toestemming van die eienaar van die grond om dit te doen, by hom het;

(b) ‘n wilde dier op of van ‘n openbare pad jag nie –

(i) behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word; of

(ii) tensy hy die eienaar is van die grond waaroor die pad gaan.

HOOFSTUK III
VIS

Bepalings in verband met die vang van vis nie op sekere persone van toepassing nie.

22 Die bepalings van hierdie Hoofstuk of ‘n bepaling van hierdie Ordonnansie wat betrekking het op die vang van vis, is nie van toepassing nie –

(a) op die eienaar van grond of ‘n familielid van sodanige eienaar; of

(b) op ‘n werknemer van sodanige eienaar wat in opdrag van sodanige eienaar optree,

vir sover enige sodanige bepaling van toepassing is met betrekking tot die waters in ‘n gemaakte dam wat nie in ‘n openbare stroom soos omskryf in artikel 1 van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956) gemaak is nie en wat geheel en al deur sodanige grond omring is.

Hengellisensies.

23(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), mag niemand in enige waters hengel nie tensy hy –

(a) die houer is van ‘n lisensie wat kragtens artikel 37(2) aan hom uitgereik is en wat hom magtig om te hengel; en

(b) sodanige lisensie by hom het terwyl hy hengel.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op die eienaar van grond of ‘n familielid van sodanige eienaar wanneer sodanige eienaar of familielid in waters op of, vanaf sodanige grond, in water onmiddellik aangrensend aan sodanige grond hengel.

Toestemming om vis te vang.

24 Niemand mag –

(a) vis in waters op enige grond vang of probeer vang nie; of

(b) terwyl hy in besit is van hengelgerei, enige grond betree waarop waters is waarin vis waarskynlik aangetref kan word nie, behalwe met die vooraf verkreë toestemming van die eienaar van die grond.

Verbod op die vang van vis gedurende geslote seisoen.

25(1) Die Administrateur kan enigiemand by proklamasie verbied om vis, of vis van ‘n bepaalde soort of ander vis dan van ‘n bepaalde soort, gedurende ‘n bepaalde tydperk in die waters van die Provinsie of ‘n bepaalde gebied van die Provinsie, te vang.

(2) Niemand mag met opset –

(a) die eiers, broed of kuit van enige vis; of

(b) enige kuitskietplek, wal of vlak water waarop of waarin die kuit van enige vis gelê of neergelê is, gedurende die tydperk wanneer en in die waters waarin die vang van sodanige vis by proklamasie ingevolge subartikel (1) verbied is, beskadig of verstoor nie.

Visvangmetodes.

26(1) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand vis in enige waters vang anders dan deur te hengel nie.

(2) Niemand mag –
(a) op ‘n ander wyse hengel dan deur gebruik te maak van hoogstens twee lyne aan elk waarvan-
(i) hoogstens twee enkelhoeke met natuurlike aas; of
(ii) een of meer nie-ronddraaiende kunsvlieë; of
(iii) hoogstens een kunslokmiddel of lepel, vas is nie;
(b) wanneer hy hengel enige metode aanwend wat bedoel is om ‘n vis op enige plek aan die lyf, behalwe in die bek, te haak nie;
(c) vis deur middel van ‘n stellyn vang of probeer vang nie,
(d) ‘n merker, boei of vlot aanbring op of in enige waters om ‘n hengelplek of ‘n voerplek vir vis aan te dui nie.

Verbod op die besit van ‘n visnet of fuik.

27(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2),mag niemand ‘n visnet of fuik, behalwe ‘n skep- of bewaarnet wat ontwerp is om vis wat met ‘n lyn en vishoek gevang is, aan wal te bring of bewaar, besit nie.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op –
(a) ‘n eienaar van grond waarop daar ‘n gemaakte dam is soos bedoel in artikel 22;
(b) die houer van ‘n lisensie, uitgereik ingevolge die Ordonnansie op Lisensies, 1972 (Ordonnansie No. 8 van 1972), wat hom magtig om met visnette en fuike handel te dryf, mits hy op die voorgeskrewe wyse aantekening hou van die visnette of fuike deur hom verkoop.
(c) Iemand wat die houer is van ‘n permit wat ingevolge artikel 26(1) uitgereik is en wat hom magtig om met ‘n visnet of fuik vis te vang.

Verbod op die invoer van lewende vis, die verkoop van lewende varswatervis en die loslaat van vis in waters.

28 Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand –
(a) enige lewende vis in die Provinsie invoer nie;
(b) enige lewende varswatervis verkoop nie;
(c) enige lewende vis in waters plaas of daarin loslaat nie: met dien verstande dat dit nie belet word om vis, onmiddellike nadat dit gevang is , in die waters waarin dit gevang is, terug te plaas nie.

Verbode handelinge ten opsigte van sekere watergewasse

29(1) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand enige soort watergewas in Bylae 5 by hierdie Ordonnansie genoem, kweek, besit, vervoer, invoer, verkoop of op ‘n ander wyse vervreem, of koop of op ‘n ander wyse verkry nie.
(2) Geskrap

HOOFSTUK IV
INHEEMSE PLANTE

Beskermde plante.

30(1) Die soorte inheemse plante gespesifiseer in Bylae 6 by hierdie Ordonnansie word hierby tot beskermde plante verklaar.
(2) Geskrap
(3) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand ‘n beskermde plant pluk nie: met dien verstande dat –

(a) die onvermydelike beskadiging of vernietiging van ‘n beskermde plant in die loop van enige landbou- of ontwikkellingsaktiwiteit wat wettiglik op die grond uitgevoer word, nie belet word nie; en

(b) ‘n eienaar van grond of ‘n familielid van sodanige eienaar of ‘n voltydse werknemer van sodanige eienaar wat in opdrag van sodanige eienaar optree, nie belet word om –

(i) die blom van ‘n beskermde plant op sodanige grond;

(ii) ‘n beskermde plant wat spesiaal op sodanige grond gekweek is; of

(iii) ‘n beskermde plant op enige gedeelte van sodanige grond wat op die punt staan om vir ‘n aktiwiteit in paragraaf (a) bedoel, in gebruik geneem te word, te pluk nie.

Skriftelike toestemming van eienaar van grond om inheemse plant te pluk.

31(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), mag niemand ‘n inheemse plant pluk op grond waarvan hy nie die eienaar is nie –

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van sodanige eienaar; en

(b) tensy hy die toestemming by hom het terwyl hy die plant pluk.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op ‘n familielid van die eienaar van die grond waarop die plant gepluk word of ‘n voltydse werknemer van sodanige eienaar terwyl hy in opdrag van sodanige eienaar op sodanige grond optree.

Pluk van inheemse plant op of naby openbare pad.

32 Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand ‘n inheemse plant op grond binne 100 meter aan weerskante van die middel van die ryvlak van ‘n openbare pad pluk nie: met dien verstande dat ‘n persoon bedoel in die voorhoudsbepaling by artikel 30(3) nie belet word om ‘n inheemse plant op sodanige grond te pluk nie in die omstandighede bedoel in genoemde voorhoudsbepaling nie.

Verbode handelinge met betrekking tot sekere plante

33(1) Niemand mag ‘n beskermde plant of ‘n plant van ‘n bedreigde of skaars soort verkoop, skenk, in die Provinsie invoer of uit die Provinsie uitvoer nie, behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word: met dien verstande dat ‘n persoon nie belet word om so ‘n plant –

(a) wat deur hom in die omstandighede in paragraaf (b) van die voorhoudsbepaling by artikel 30(3) bedoel, gepluk is, aan iemand te skenk nie; of

(b) wat aan hom in die Republiek of die gebied Suidwes-Afrika wettiglik geskenk is of wat hy van ‘n besigheid wat ingevolge die Plantverbeteringswet, No 53 van 1976, geregistreer of vrygestel van registrasie is, gekoop het in die Provinsie in of uit die Provinsie uit te voer nie;

(2) Niemand mag ‘n beskermde plant of ‘n plant van ‘n bedreigde of skaars soort –

(a) koop of as geskenk in ontvangs neem nie, behalwe van iemand wat dit wettiglik ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie verkoop of skenk;

(b) aan iemand verkoop of skenk nie tensy hy, wanneer hy die plant lewer, aan die ontvanger daarvan ‘n dokument wat die voorgeskrewe besonderhede bevat, oorhandig; of

(c) wat hy gekoop het of aan hom geskenk is, in sy besit hê nie tensy hy die houer is van ‘n dokument wat die besonderhede in paragraaf (b) bedoel, bevat.

Vervoer van plante

34 Niemand mag ‘n beskermde plant of ‘n plant van ‘n bedreigde of skaars soort vervoer nie tensy hy ten tyde van die vervoer by hom het –

(a) in die geval waar die plant deur hom gekoop is of aan hom geskenk is, ‘n dokument bevattende die besonderhede in artikel 33(2)(b) bedoel;
(b) in die geval waar die plant in die Provinsie ingevoer of uit die Provinsie uitgevoer word kragtens ‘n permit uitgereik ingevolge artikel 33(1), sodanige permit;
(c) in die geval waar ‘n plant deur die Provinsie vervoer word, gesaghebbende dokumente wat aandui dat die uitvoer daarvan uit die gebied van herkoms en die invoer daarvan in die gebied van bestemming wettig is;
(d) in enige ander geval, ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word en wat die vervoer van die plant magtig.

HOOFSTUK V
NATUURRESERVATE

Provinsiale natuurreservaat

35(1) Die Administrateur kan ‘n natuurreservaat stig, in stand hou, en bestuur en kan vir dié doel ook ‘n vervoerdiens instel, en akkommodasie en kamp- en ander geriewe voorsien, vir besoekers aan die reservaat.

(2) Die Administrateur kan ‘n natuurreservaat wat deur hom ingevolge subartikel (1) gestig is, by kennisgewing in die Offisiële Koerant, tot ‘n Provinsiale natuurreservaat verklaar.

(3) Niemand mag in ‘n Provinsiale natuurreservaat ‘n wilde dier jag of ‘n inheemse plant pluk behalwe met die toestemming van die Administrateur nie.

Private natuurreservaat

36(1) Die Administrateur kan, op versoek van die eienaar van grond en op die voorwaardes wat voorgeskryf is of die Administrateur bepaal, sodanige grond of ‘n gedeelte daarvan, by kennisgewing in die Offisiële Koerant, tot ‘n private natuurreservaat verklaar.

(2) Die Administrateur kan ‘n verklaring ingevolge subartikel (1), by kennisgewing in die Offisiële Koerant, wysig of intrek.

(3) Niemand mag in ‘n private natuurreservaat ‘n wilde dier jag of ‘n inheemse plant pluk nie behalwe met die skriftelike toestemming van die eienaar van die reservaat of van iemand wat skriftelik deur die eienaar gemagtig is om so ‘n toestemming te gee.

HOOFSTUK VA
DIERE WAT SKADE VEROORSAAK

Artkels 36A tot 36 E Geskrap met ontbinding van Oranjejag

HOOFSTUK VB
NATUURBEWARINGSFONDS

Woordbepaling

36F Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk beteken –
“Fonds” die by artikel 36G ingestelde Natuurbewaringsfonds;
“Provinsiale natuurreservaat“ ‘n natuurreservaat soos in artikel 35 bedoel

Instelling van Natuurbewaringsfonds.

36G Hierby word ‘n fonds bekend as die Natuurbewaringsfonds ingestel waarin gestort word -

(a) die gelde wat aan die Administrasie vir die doel in artikel 36H(b) genoem geskenk is en sodanige ander gelde as wat die Provinsiale Raad vir die doel mag bewillig; en
(b) die rente op beleggings wat deur die fonds gemaak is.

Aanwending van gelde van die fonds.

36H Die Administrateur kan gelde in die fonds –
(a) by die Korporasie vir Openbare Deposito's belê; of
(b) aanwend om enige uitgawe wat deur die Provinsiale Raad gemagtig word vir die stigting en ontwikkelling van Natuurreservate in die Oranje Vrystaat, te bestry.

HOOFSTUK VI
ALGEMEEN

Permitte, lisensies en vrystellings

37(1) 'n Permit of vrystelling ingevolge hierdie Ordonnansie kan deur die Administrateur uitgereik word op die voorwaardes wat voorgeskryf of deur die Administrateur bepaal is en kan te eniger tyd deur die Administrateur ingetrek word.

(2) 'n Lisensie ingevolge hierdie Ordonnansie word deur 'n ontvanger van inkomste of sodanige ander persoon as wat die Administrateur aanwys, uitgereik en is onderworpe aan die voorwaardes wat voorgeskryf is, en kan te eniger tyd deur die Administrateur ingetrek word.

(3) Wanneer die Administrateur 'n permit, lisensie of vrystelling ingetrek het, laat hy die houer van die permit, lisensie of vrystelling daarvan in kennis stel en moet sodanige houer die permit, lisensie of vrystelling onverwyld aan die Administrateur terugbesorg.

(4) Wanneer 'n permit, lisensie of vrystelling wat aan iemand uitgereik is ingevolge hierdie artikel of artikel 41(1)(a)(ii) ingetrek is, word geen permit of vrystelling, binne die tydperk na sodanige intrekking wat deur die Administrateur bepaal, en geen lisensie, sonder voorafverkreë toestemming van die Administrateur, ingevolge hierdie Ordonnansie aan sodanige persoon uitgereik nie, en mag sodanige persoon nie binne sodanige tydperk of sonder sodanige toestemming so 'n permit, lisensie of vrystelling verkry nie.

(5) "n Permit lisensie of vrystelling wat in stryd met die bepalings van hierdie Ordonnansie uitgereik is, is van nul en gener waarde en die houer daarvan moet sodanige permit, lisensie of vrystelling op versoek van die Administrateur onverwyld aan hom terugbesorg.

Gelde

37A Gelde, soos van tyd tot tyd deur die Administrateur bepaal, kan ten opsigte van –
(a) toegang tot 'n Provinsiale natuurreservaat;
(b) die gebruik van geriewe en fasiliteite wat by 'n Provinsiale natuurreservaat voorsien word; en
(c) die uitreiking van 'n permit, lisensie of vrystelling ingevolge hierdie Ordonnansie, gehef word.

Regulasies

38(1) Die Administrateur kan regulasies maak met betrekking tot –
(a) die voorwaardes onderworpe waaraan 'n permit, lisensie of vrystelling uitgereik word;
(b) die besonderhede wat 'n toestemming of dokument uitgereik ingevolge hierdie Ordonnansie moet bevat;
(c) die beheer en bestuur van 'n Provinsiale natuurreservaat, die voorwaardes waarop persone tot so 'n reservaat toegelaat word en die voorwaardes waarop enige grond tot 'n private natuurreservaat ingevolge artikel 36(1) verklaar kan word;

(d) die jag, besit, teelt, vervoer, invoer, uitvoer, hantering, loslating of verhandeling van wilde of uitheemse diere;
(e) die vang, besit, teelt, vervoer, invoer, uitvoer, hantering of verhandeling van vis;
(f) die pluk, besit, kweek, vervoer, invoer, uitvoer, aanplant, verhandeling of vernietiging van enige plant;
(g) die afmetings, getal, gewig, grootte of geslag van enige dier wat gejag of gevang mag word;
(h) die beskerming van enige dier, plant of natuurlike omgewing teen enige bedrywigheid of toestand wat na sy mening skadelik vir sodanige dier, plant of omgewing kan wees;
(i) die afmetings, getal, gewig of grootte van vis wat gevang en gehou kan word;
(j) die aard, afmetings, vorm en bou van hengelgerei;
(k) die beheer en reeling van visserye in bepaalde waters;
(l) die organiseer of hou van, en die deelname aan hengelwedstryde;
(m) die verkoop van inheemse plante;
(n) die besit van beskermde plante;
(o) die beheer, invoer, aanplant of uitroeiing van enige plant wat, na sy mening nadelig kan wees of minder gunstige toestande kan skep vir enige wilde dier, vis of inheemse plant;
(p) in die algemeen, sonder dat sodanige algemeenheid beperk word deur enige van die voorafgaande bepalings, enige aangeleentheid wat hy nodig of raadsaam ag om te reël ten einde die doeleindes van hierdie Ordonnansie te verwesenlik;

(2) Die bevoegdheid om ‘n regulasie ingevolge subartikel (1) te maak, sluit die bevoegdheid in om in verband met die betrokke aangeleentheid enige saak, ding of handeling te beperk of te verbied.

(3) Verskillende regulasies kan ingevolge subartikel (1) gemaak word met betrekking tot verskillende soorte wilde of uitheemse diere, visse of plante of verskillende gebiede van die Provinsie of verskillende klasse persone, of regulasies kan gemaak word om betrekking te hê net op bepaalde soorte diere, visse of plante of bepaalde gebiede van die Provinsie of bepaalde klasse persone.

Aanstelling van beamptes en hulle bevoegdhede

39(1) Die Administrateur kan enigiemand in diens van die Administrasie in sy Afdeling Natuurbewaring, as ‘n beampte, en enigiemand anders, as ‘n ere-beampte, aanstel.

(2) Aan elke beampte en ere-beampte word ‘n aanstellingsertifikaat uitgereik wat hy, by die uitoefening van ‘n bevoegdheid ingevolge hierdie Ordonnansie, op versoek ter insae moet vertoon.

(3) ‘n Bevoegde beampte kan –
(a) te eniger tyd met die doel om vas te stel of die bepalings van hierdie Ordonnansie nagekom word enige grond, perseel, plek, gebou, tent, voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig betree en dit asook enige houer of ander ding wat daarop of daarin gevind word, ondersoek;
(b) indien hy vermoed dat daar op ‘n voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig enigiets is wat bewys kan lewer van ‘n oortreding van ‘n bepaling van hierdie Ordonnansie, gelas dat die bestuurder of loods van sodanige voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig dit tot stilstand bring en dit staande hou totdat hy dit ondersoek het;
(c) beslag lê op enigiets wat, na sy mening, bewys kan lewer van die oortreding van ‘n bepaling van hierdie Ordonnansie;
(d) enige strik, slagyster, val, net, voëllym, fuik, stellyn, vanggat, vangkraal, vanghok, stelgeweer, gif of enige derglike middel of toestel wat na sy vermoede gebruik word om ‘n wilde dier of vis onwettiglik te jag of te vang, verwyder van die plek waar dit gevind is, of indien sodanige verwydering onmoontlik is, dit vernietig of skadeloos stel;

(e) ‘n hond wat nie by ‘n wettige jag gebruik word nie en wat enige wild op enige grond agtervolg of soek, van kant maak;

(f) die naam en adres en enige ander besonderhede wat vir sy identifikasie nodig is, vereis van enigiemand wat na sy vermoede –

(i) ‘n bepaling van hierdie Ordonnansie oortree het; of

(ii) inligting kan gee in verband met ‘n oortreding van ‘n bepaling van hierdie Ordonnansie;

(g) te enigertyd enigiemand wat, na sy vermoede, oor inligting beskik in verband met ‘n oortreding van ‘n bepaling van hierdie Ordonnansie daaroor ondervra;

(h) van enigiemand wat ‘n handeling verrig of, na sy vermoede, verrig het ten opsigte waarvan sodanige persoon die houer, of in besit, moet wees van ‘n permit, lisensie, vrystelling, toestemming of ander dokument ingevolge hierdie Ordonnansie, vereis dat hy sodanige permit, lisensie, vrystelling, toestemming of ander dokument moet vertoon.

(4) ‘n Bevoegde beampte kan by die uitoefening van ‘n bevoegdheid ingevolge hierdie Ordonnansie vergesel wees van iemand om hom as tolk of op ‘n ander wyse te help, en sodanige persoon word onderwyl hy in opdrag van sodanige bevoegde beampte optree, geag om ‘n bevoegde beampte te wees.

(5) ‘n Eienaar van grond het terwyl hy op sodanige grond is dieselfde bevoegdhede as ‘n bevoegde beampte ingevolge subartikel (3)(a), (c), (d), (e), (f) en (h).

Misdrywe en strawwe.

40(1) Iemand wat –

(a) ‘n bepaling van artikel 2(3), 7,14(2), 15(a),16(a) of 33 oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) enige ander bepaling van hierdie Ordonnansie, ‘n verbod ingevolge artikel 25(1), ‘n versoek ingevolge37(5) of ‘n voorswaarde waarop ‘n permit, lisensie of vrystelling ingevolge hierdie Ordonnansie uitgereik is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(c) in besit is van ‘n wilde dier, vis of plant of derivaat of deel daarvan, ten aansien waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie gejag, gevang, gepluk of verkry is nie en nie in staat is om voldoende rekenskap van sodanige besit te gee nie;

(d) ‘n persoon by die uitoefening van ‘n bevoegdheid kragtens artikel 17 of ‘n bevoegde beampte of eienaar van grond by die uitoefening van ‘n bevoegdheid kragtens artikel 39 hinder of hom daarin belemmer of weier of versuim om na sy beste vermoë te antwoord op ‘n vraag wat sodanige beampte of eienaar wettiglik aan hom mag stel;

(e) valslik voorgee dat hy ‘n bevoegde beampte is;

(f) valslik voorgee dat ‘n bepaalde voorgee dat ‘n bepaalde handeling op grond verrig mag word; of

(g) wetens ‘n valse verklaring maak in ‘n aansoek om ‘n permit lisensie of vrystelling ingevolge hierdie Ordonnansie,

is aan ‘n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar –

(i) in die geval van ‘n misdryf in paragraaf (a) bedoel, met ‘n boete van hoogstens R100 000 of met gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens 10 jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf; en

(ii) in die geval van enige ander sodanige misdryf, met ‘n boete van hoogstens R20 000 of met gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens 5 jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) (a) Wanner die hof iemand skuldig bevind het aan ‘n oortreding van artikel 7(1) en die hof oortuig is dat ‘n dier as gevolg van die optel van die gif waarop die skuldigbevinding betrekking het, vergiftig is en dat iemand daardeur skade gelei het, kan die hof benewens enige ander straf wat hy kan oplê die veroordeelde persoon vonnis tot ‘n boete van hoogstens die skade wat die benadeelde persoon gely het of gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens 6 maande.

(b) Sodanige boete word, wanneer dit deur die veroordeelde persoon betaal of van hom verhaal is, aan die benadeelde persoon oorbetaal.

(c) Paragrawe (a) en (b) is nie van toepassing nie in die geval waar die benadeelde persoon kragtens die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) om skadevergoeding aansoek gedoen het.

Verbeurings

41(1) (a) Wanneer iemand ingevolge hierdie Ordonnansie aan ‘n misdryf skuldig bevind word, moet die hof –

(i) enige wilde of uitheemse dier, vis, inheemse of uitheemse plant of watergewas ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is, aan die Administrateur verbeurd verklaar;

(ii) indien sodanige persoon die houer van ‘n permit, lisensie of vrystelling is wat ingevolge hierdie Ordonnansie uitgereik is, sodanige permit, lisensie of vrystelling intrek.

(c) Die houer van ‘n permit, lisensie of vrystelling wat ingevolge paragraaf(a)(ii) ingetrek is, moet dit onmiddellik nadat dit ingetrek is, aan die Administrateur terugbesorg.

(2) Wanneer iemand ingevolge hierdie Ordonnansie aan ‘n misdryf skuldig bevind word -

(a) kan die hof enige wapen, lamp, battery, hengelgerei, toestel, artikel genoem in artikels 9 en 27, dier of ander voorwerp wat vir die doel van of in verband met die pleging van die misdryf gebruik is, aan die Administrateur verbeurd verklaar;

(b) kan die hof ‘n voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig wat in verband met die pleging van die misdryf of vir die vervoer van enigiets ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is, gebruik is, of die reg van sodanige persoon op sodanige voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig, aan die Administrateur verbeurd verklaar: met dien verstande dat so ‘n verbeurdverklaring nie gemaak word nie indien die hof oortuig is dat die voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig nie aan die persoon wat skuldig bevind is aan die misdryf, behoort nie en dat die eienaar daarvan nie kon verhoed dat dit deur sodanige persoon aldus gebruik word nie.

(3) Die bepalings van subartikel (2) is nie van toepassing nie –

(a) in die geval van ‘n misdryf wat deur die eienaar van grond of ‘n familielid van sodanige eienaar op sodanige grond gepleeg is;

(b) in die geval van ‘n oortreding van artikel 21 of 24(b), of van artikel 23(1) waar die persoon wat skuldig bevind is die houer van ‘n lisensie was maar dit nie by hom gehad het terwyl hy gehengel het nie.

(4) Die bepalings van artikel 35(4) van die Strafproseswet, 1977(Wet No. 51 van 1977) is *mutatis mutandis* op ‘n verbeurdverklaring ingevolge subartikel(2) van toepassing.

Betaling van vergoeding aan informant

41A Die Direkteur-generaal kan ‘n kontantbedrag wat na sy oordeel onder die omstandighede redelike en billik is, betaal aan enige persoon wat enige inligting of bewysstuk met betrekking tot ‘n misdryf in artikel 14(2) bedoel, aan hom verskaf, ongeag of sodanige inligting of bewysstuk tot ‘n vervolging en skuldigbevinding in ‘n bevoegde hof aanleiding gee.

Vermoedens

42(1) By ‘n vervolging ingevolge hierdie Ordonnansie word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word –

(a) in die geval waar daar beweer word dat iemand die houer is van permit, lisensie, vrystelling of dokument wat ingevolge hierdie Ordonnansie uitgereik is nie, dat sodanige persoon nie die houer van so ‘n permit, lisensie, vrystelling of dokument is nie;

(b) in die geval waar daar beweer word dat ‘n dier, vis of plant van ‘n bepaalde soort of geslag is, dat sodanige dier, vis of plant van daardie soort of geslag is;

(c) in die geval waar ‘n dier, vis of plant op ‘n voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig of by ‘n kampplek gevind word, dat iedereen wat ten tyde toe die dier, vis of plant aldus gevind is, op die voertuig, vaartuig, vlot of vliegtuig of by die kampplek was of daaraan verbonde was, in besit was van sodanige dier, vis of plant.

(d) dat iemand wat betrap is terwyl hy besig was om ‘n dier of vis van ‘n strik, slagyster, val, net, voëllym, fuik, stellyn, vanggat, vangkraal, vanghok of ander soortgelyke middel of toestel te verwyder, besig was om sodanige dier of vis te jag of te vang;

(e) in die geval waar ‘n dier, vis of plant in ‘n winkel of ander plek van verkoop gevind is, dat die persoon in wie se besit dit gevind is of beheer oor die winkel of plek gehad het, gepoog het om sodanige dier, vis of plant te verkoop;

(f) in die geval van ‘n oortreding van artikel 7(1), dat die eienaar van die grond waarop gif of ‘n dier wat van gif gevrek het, gevind is, die gif op daardie grond neergelê of laat neerlê het.

Vrystelling en opskorting van bepalings van Ordonnansie

43(1) Die Administrateur kan ‘n persoon van enigeen van of al die bepalings van hierdie Ordonnansie vrystel.

(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die Offisiële Koerant enigeen van of al die bepalings van hierdie Ordonnansie vir ‘n bepaalde of onbepaalde tydperk opskort vir sover dit betrekking het op ‘n bepaalde soort dier, vis of plant in die Provinsie of ‘n bepaalde gebied in die Provinsie.

Boetes en gelde

44 Boetes en gelde wat ingevolge hierdie Ordonnansie ingevorder word, word in die Provinsiale Inkomstefonds gestort.

Herroeping van ordonnansies

45 Die ordonnansies in Bylae 7 by hierdie Ordonnansie genoem, word hierby herroep in die mate uiteengesit in die derde kolom daarvan.

46 Geskrap

Kort titel en inwerkingtreding

47 Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1969, en tree in werking op ‘n datum wat die Administrateur by proklamasie bepaal.

BYLAE I
BESKERMDE WILD (ARTIKEL 2)

Gewone Naam	**Wetenskaplike Naam**
Alle soorte landskilpaaie	Familie *Testudinidae*
Gordelakkedisse	Familie *Cordylidae*
Krimpvarkie	*Erinaceus frontalis*
Ietermagog	*Manis temminckii*

Erdvark	*Orycteropus afer*
Maanhaarjakkals	*Proteles cristatus*
Bakoorjakkals	*Otocyon negalotis*
Alle verkleurmannetjies	Familie *Chamaeleonidae*
Luislang	*Python sebae*
Olifant	*Loxodonta africana*
Seekoei	*Hippopotamus amphibius*
Swartwitpens	*Hippotragus niger*
Swartrenoster	*Diceros bicornis*
Witrenoster	*Ceratotherium simum*
Bastergemsbok	*Hippotragus equinus*
Oorbietjie	*Ourebia ourebi*

Alle voëls wat wilde diere is, behalwe die wat gewone wild is en behalwe die volgende:

Alle muisvoëls	Familie *Coliidae*
Alle tiptolle	Familie *Pycnonotidae*
Rooivlerkspreeu	*Onychognathus morio*
Witgatspreeu	*Spreo bicolor*
Indiese Spreeu	*Acridotheres tristis*
Engelse Mossie	*Passer domesticus*
Kaapse Mossie	*Passer melanurus*
Alle kraaie	Familie *Corvidae*
Alle geelvinke, wewers, kaffervinke en rooibekvinke	Subfamilie *Ploceinae*
Bosduif	*Columba guinea*
Tortelduif	*Streptopelia capicola*
Volstruis	*Struthio camelus*
Rooiborsduif	*Stigmatopelia senegalensis*
Rietduiker	*Phalacrocorax africanus africanus*
Witborsduiker	*Phalacrocorax carbo lucidus*

BYLAE 2
GEWONE WILD (ARTIKEL3)

Gewone Naam	**Wetenskaplike Naam**
Sebra	Familie *Equidae*
Kameelperd	*Giraffa camelopardalis*
Bosbok	*Tragelaphus scriptus*
Koedoe	*Tragelaphus strepsiceros*
Eland	*Taurotragus oryx*
Gemsbok	*Oryx gazella*
Waterbok	*Kobus ellipsiprymnus*
Rietbok	*Redunca arundinum*
Buffel	*Syncerus caffer*
Blouwildebees	*Connochaetus taurinus*
Swartwildebees	*Connochaetus gnou*
Rooihartbees	*Alcelaphus buselaphus*
Rooibok	*Aepyceros melampus*
Klipspringer	*Oreotragus oreotragus*
Steenbok	*Raphicerus campestris*
Grysduiker	*Sylvicapra grimmia*
Blesbok	*Damaliscus dorcas phillipsi*
Springbok	*Antidorcas marsupialis*

Vaalribbok	*Pelea capreolus*
Rooiribbok	*Redunca fulvorufula*
Bontebok	*Damaliscus dorcas dorcas*
Alle soorte hase behalwe springhase	Familie *Leporidae*
Wildemakou	*Plectropterus gambensis*
Tarentaal	*Numida melagris*
Kolgans	*Alopochen aegyptiacus*
Bloukraanvoël	*Tetrapteryx paradisea*
Bergeend	*Tadorna cana*
Geelbekeend	*Anas undulata*
Bleshoender	*Fulica cristata*
Fisante, patryse en kwartels	Familie *Phasianidae*
Rooibekeend	*Anas erythrorhyncha*

BYLAE 3
GESPESIFISEERDE WILDE DIERE
[Artikel 14(2)(a)(i)]

Gewone Naam	**Wetenskaplike Naam**
Alle olifante	Familie *Elephantidae*
Alle renosters	Familie *Rhinocerotidae*

BYLAE 4
UITHEEMSE DIERE WAAROP DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 19(1)(b) BETREKKING HET

Gewone Naam	**Wetenskaplike Naam**
Alle soorte uitheemse skilpaaie en waterskilpaaie	Orde *Chelonia*
Nutria	*Myocastor coypus*
"Bobwhite" kwartels	*Colinus virginianus*
Chukarpatrys	*Alectoris graeca*
Mallard-eend	*Anas platyrhynchos*
Alle soorte uitheemse ape en bobbejane	Orde *Primata*
Alle soorte uitheemse roofdiere	Orde *Carnivora*
Alle soorte takbokke	Familie *Cervidae*
Maanhaarskaap	*Ammotragus lervia*
Himalajatahr	*Hemitragus jemlahicus*

BYLAE 5
WATERGEWASSE (ARTIKEL 29)

Gewone Naam	**Wetenskaplike Naam**
Azolla	Geslag *Azolla*
Waterpes	*Egeria (Elodea) densa*
Aarveerkruid	*Myriophyllum spicatum*
Kariba watervaring	*Salvinia auriculata*
Waterslaai	*Pistia stratiotes*
Water hiasint	*Eichhornia crassipes*

BYLAE 6
BESKERMDE PLANTE (Artikel 30)

Gewone Naam	**Wetenskaplike Naam**
Boomvaring	*Alsophila dreigei (Cyathea dregei)*

Alle soorte sikadië, broodbome of broodpalm	Geslag *Encephalartos*
Alle soorte geelhoutbome	Geslag *Podocarpus*
Alle soorte varkore, aronskelk of varkblomme	Geslag *Zanthedeschia*
Alle soorte vuurpyle	Geslag *Kniphofia*
Alle soorte aalwyne	Geslag *Aloe*
Kleinkanniedood	*Haworthia nervosa (Haworthia tessel* subsp. *recurvulata)*
Alle soorte bloulelies	Geslag *Agapanthus*
Alle soorte berglelies	Geslag *Galtonia*
Alle soorte brandui, blouberglelie of slangkop	Geslag *Scilla*
Alle soorte wildepynappel of kliplelie	Geslag *Eucomis*
Alle soorte velskoenblaar, poeierkwas of brandlelie	Geslag *Haemanthus*
Alle soorte gifbol of kopseerblom	Geslag *Boophane*
Alle soorte nerinas	Geslag *Nerine*
Alle soorte kandelaarblom	Geslag *Brunsvigia*
Alle soorte koekemakranka	Geslag *Gethyllis*
Alle soorte vleilelies en veldlelies	Geslag *Crinum*
Seeroogblom of gifbol	*Ammocharis corannica*
Alle soorte vuurlelies of sandlelies	Geslag *Cyrtanthus*
Alle soorte olifantsvoet	Geslag *Dioscorea*
Rivierlelie	*Schizostylis coccinea*
Alle soorte grasklokkies of grasblomme	Geslag *Dierama*
Alle soorte kalkoentjies, agretjies of vlieërs	Geslag *Tritonia*
Alle soorte wilde swaardlelies, aandblomme en Afrikaners	Geslag *Gladiolus*
Alle soorte pypies of kanol	Geslag *Watsonia*
Alle soorte kammetjies en aandblommetjies	Geslag *Freesia*
Alle soorte orgidieë	Familie *Orchidaceae*
Vrystaatse suikerbos	*Protea caffra*
en waboomsoorte	*P. roupelliae, P subvestita*
alle soorte toontjies, beeskloutjies of bokspoortjies	Geslag *Lithops*
Neohenricia-vygie	*Neohenricia sibbettii*
Alle soorte kwaggakos of volstruisspoor	Geslag *Pleiospilos*
Skurwejantjie of kalkvygie	*Titanops calcarea*
Alle soorte suring en haaskos	Geslag *Anacampseros*
Alle soorte vlieëvangertjie of sonnedou	Geslag *Drosera*
Ploegbreker, kurkwortel of tamboekiewortel	*Erythrina zeyheri*
Alle soorte vingerpol, voetangel, noorsdoring, melkbol of melkpol	Geslag *Euphorbia*
Wilde begonia	*Begonia sutherlandii*
Alle soorte kiepersol	Geslag *Cussonia*
Alle soorte heide	Geslag *Erica*
Olienhoutboom	*Olea europaea* subsp. *africana*
Alle soorte kambroo en halfmens	Geslag *Pachypodium*
Alle soorte aasblom, ghaap, ceropegia, bokhorinkies en kambroo	Familie *Asclepiadaceae*
Alle soorte sewejaartjies	Geslag *Helichrysum*

BYLAE 7
ORDONNANSIES HERROEP (Artikel 45)

No. en Jaar van Ordonnansie	Kort titel van Ordonnansie	In hoeverre herroep
6 van 1937	Wildbeskermingsordonnansie, 1937	Die geheel
13 van 1937	Wildbeskermingswysigingsordonnansie, 1937	Die geheel
4 van 1939	Wildbeskermingswysigingsordonnansie, 1939	Die geheel
14 van 1943	Wildbeskermingswysigingsordonnansie, 1943	Die geheel
9 van 1952	Wildbeskermingswysigingsordonnansie, 1952	Die geheel
7 van 1953	Ordonnansie op die Beskerming van Inheemse flora, 1953	Die geheel
5 van 1964	Ordonnansie op Visbeskerming, 1964	Die geheel
11 van 1967	Ordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte, 1967	Die geheel
12 van 1968	Wysigingsordonnansie op Wildbeskerming, 1968	Die geheel
6 van 1971	Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte, 1971	Die geheel
7 van 1974	Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte,1974	Die geheel
9 van 1976	Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte, 1976	Die geheel
6 van 1977	Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte, 1977	Die geheel
2 van 1980	Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte, 1980	Die geheel
10 van 1981	Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte, 1981	Die geheel

BYLAE 8
NAGJAG (Artikel 6)

Gewone Naam	Wetenskaplike Naam
Springbok	*Antidorcas marsupialis*
Blesbok	*Damaliscus dorcas phillipsi*
Swartwildebees	*Connochaetus gnou*
Blouwildebees	*Connochaetus taurinus*
Gemsbok	*Oryx gazella*
Eland	*Taurotragus oryx*
Rooihartbees	*Alcelaphus buselaphus*
Rooibok	*Aepyceros melampus*
Koedoe	*Tragelaphus strepsiceros*
Sebra	Familie *Equidae*

NATUURBEWARINGSREGULASIES

Die Administrateur het, kragtens artikel 38 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, No. 8 van 1969 (hierna die Ordonnansie genoem), die volgende regulasies gemaak, ter vervanging van die regulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 276 van 12 Desember 1969:

DEEL 1

Wilde diere

1 'n Permit in artikel 2(3) van die Ordonnansie bedoel, is aan die volgende voorwaardes en vereistes onderworpe:
- (a) Die permit is nie oordraagbaar nie en is ongeldig totdat die houer daarvan sy handtekening daarop aangebring het;
- (b) die houer van die permit moet die permit by hom dra terwyl hy jag;
- (c) die permit is slegs geldig ten opsigte van die grond wat in die permit beskryf word;
- (d) geen verandering mag op die permit aangebring word nie;
- (e) die permit verval met die verlies of vernietiging van die dokument en geen afskrif daarvan word uitgereik nie;
- (f) die houer van die permit moet onmiddellik nadat enige wild ingevolge daarvan gejag is, voordat hy die jagterrein verlaat, die verlangde inligting in verband met die jag aanteken in die ruimte wat daarvoor op die permit voorsien is;
- (g) die houer van die permit moet onder die direkte toesig van die eienaar van die grond waarop gejag word, wees of die skriftelike toestemming van sodanige eienaar, bevattende die voorgeskrewe besonderhede, by hom dra terwyl hy jag;
- (h) die houer van die permit moet die permit bewaar vir die geldigheidsduur daarvan en binne 14 dae na die vervaldatum aan die Direkteur van Natuurbewaring, Posbus 517, Bloemfontein terugstuur.

2 'n Lisensie in artikel 5(2)(a) van die Ordonnansie bedoel, word slegs uitgereik na betaling van die bedrag deur die Administrateur bepaal en is aan die volgende voorwaardes en vereistes onderworpe:
- (a) Die lisensie is nie oordraagbaar nie en is ongeldig totdat die houer daarvan sy handtekening daarop aangebring het;
- (b) geen verandering mag op die lisensie aangebring word nie;
- (c) die lisensie verval met die verlies of vernietiging van die dokument en geen afskrif daarvan word uitgereik nie;
- (d) die houer van die lisensie moet onmiddellik nadat enige wild ingevolge daarvan gejag is, voordat hy die jagterrein verlaat die verlangde inligting in verband met die jag aanteken in die ruimte wat daarvoor op die lisensie voorsien is;
- (e) die geld betaal vir die lisensie is nie terugbetaalbaar nie;
- (f) die houer van die lisensie moet die lisensie bewaar vir die geldigheidsduur daarvan en binne 14 dae na die vervaldatum aan die Direkteur van Natuurbewaring, Posbus 517, Bloemfontein terugbesorg;
- (g) die lisensie is geldig vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande wat op 31 Desember eindig.

3(1) Die skriftelike toestemming bedoel in regulasie 1(g) en artikels 5(2)(b), 14(4) en 18 van die Ordonnansie, moet die volgende besonderhede bevat;
- (a) Die naam en woonadres van die eienaar van die grond;
- (b) die naam en woonadres van die persoon aan wie toestemming verleen word om te jag;
- (c) 'n beskrywing van die grond waarop die jag uitgevoer mag word;
- (d) die aantal, soort en geslag van die wilde diere of uitheemse diere wat gejag mag word;

(e) die datum waarop of die tydperk waarin gejag mag word; met dien verstande dat die tydperk nie verder mag strek as tot aan die einde van die jaar waarin die toestemming verleen is nie;
(f) die handtekening van die eienaar;
(g) die handtekening van die persoon aan wie toestemming verleen word om te jag.

3(2) 'n Skriftelike toestemming in subregulasie (1) bedoel, moet aan elke jagter afsonderlik uitgereik word.

4(1) Die aantekening wat bygehou moet word deur die houer van 'n slagterslisensie in artikel 11(1)(b) van die Ordonnansie bedoel, moet die volgende besonderhede bevat:
(a) Die soort wild en die aantal of massa van die karkasse of vleis wat ontvang is;
(b) die naam en woonadres van die verskaffer, sowel as die naam van die plaas en distrik waarvan die wild afkomstig is;
(c) die datum waarop die karkasse of vleis ontvang is.

(2) Die dokument in artikel 11(2) van die Ordonnansie bedoel, moet die volgende besonderhede bevat:
(a) Die naam en woonadres van die persoon wat die wilde dier verkoop;
(b) die naam en woonadres van die persoon wat die wilde dier koop;
(c) die aantal soort en geslag van die wilde diere wat verkoop word;
(d) die datum waarop die verkoping plaasvind;
(e) die handtekening van die verkoper;
(f) die handtekening van die koper;
(g) die permitnommer in die geval van 'n dier wat ingevolge artikel 14(1) van die Ordonnansie in gevangenskap aangehou word vir langer as dertig dae.

5 Die dokument in artikel 12(1) van die Ordonnansie bedoel, moet die volgende besonderhede bevat:
(a) Die naam en woonadres van die persoon wat die wilde dier skenk;
(b) die naam en woonadres van die ontvanger van die wilde dier;
(c) die aantal, soort en geslag van die wilde diere wat geskenk word;
(d) die datum waarop die skenking plaasvind;
(e) die handtekening van die skenker;
(f) die handtekening van die ontvanger;
(g) die permitnommer in die geval van 'n dier wat ingevolge artikel 14(1) van die Ordonnansie in gevangenskap aangehou word.

6(1) Die dokument in artikel 13(1)(e) van die Ordonnansie bedoel, moet die volgende besonderhede bevat:
(a) Die naam en woonadres van die eienaar van grond waarop 'n wilde dier gejag is;
(b) die naam van die plaas waarop en die distrik waarin die wilde dier gejag is;
(c) die aantal, soort en geslag van die wilde diere wat vervoer word;
(d) die bestemming van sodanige wilde dier;
(e) die handtekening van die eienaar van grond waarop die wilde dier gejag is;
(f) die handtekening van die persoon wat die wilde dier vervoer.

(2) Niemand mag 'n wilde dier vervoer nie, tensy -
(a) in die geval van 'n lewende wilde dier –
(i) daar, voordat met die vervoer begin is, reëlings getref is om 'n ander voertuig onmiddellik beskikbaar te hê om die vervoer te voltooi ingeval van teenspoed met die voertuig waarmee die vervoer begin is;
(ii) dit langs die kortste doenlike roete en met so min onderbreking as moontlik vervoer word;

(iii) dit tydens die vervoer teen uiterstes van temperatuur beskerm word en die hok of krat waarmee dit vervoer word voldoende geventileer is;

(iv) die hok of krat waarin dit vervoer word –

(aa) geen uitsteeksel aan die binnekant het nie of, indien dit het, sodanige uitsteeksel op so ‘n wyse bedek is dat dit nie enige ernstige besering kan veroorsaak nie;

(bb) ‘n stewige vloer het wat so bedek is, dat die diere nie daarop kan gly nie, en wat sal verhoed dat die diere beseer word as hulle val of gaan lê;

(c) in die geval van geslagte karkasse of vars vleis, dit onder higiëniese toestande vervoer word en behoorlik toegemaak is tydens die vervoer.

7(1) Niemand mag ‘n wilde dier in gevangenskap aanhou nie tensy die dier in ‘n kamp of ‘n stewige hok met die volgende minimum oppervlakte of inhoud aangehou word:

(a) 0,5 hektaar vir elke olifant, seekoei, kameelperd, renoster, sebra of wildsbok groter as ‘n rooibok, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 1 hektaar mag wees nie;

(b) 0,25 hektaar vir elke rooibok, of wildsbok kleiner as ‘n rooibok, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 0,5 hektaar mag wees nie;

(c) O,5 hektaar vir elke roofdier van die volgende soorte; leeu, luiperd, jagluiperd, bruin hiëna of gevlekte hiëna, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 1 hektaar mag wees nie;

(d) 10 vierkante meter vir elke ander roofdier van die orde *Carnivora*, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 100 vierkante meter mag wees nie;

(e) 30 kubieke meter vir ape of bobbejane as daar nie meer as twee is nie en drie kubieke meter bykomend vir elke aap of bobbejaan meer as twee,

(f) 1 vierkante meter vir elke ander klein soogdier, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 20 vierkante meter mag wees nie;

(g) 0,25 kubieke meter vir elke voël kleiner as ‘n eend wat nie van ‘n roofsoort is nie, met dien verstande dat die hok nie kleiner as 8 kubieke meter mag wees nie;

(h) 30 kubieke meter vir elke voël van ‘n roofsoort, met dien verstande dat –

(i) die hok nie kleiner as 60 kubieke meter mag wees nie;

(ii) elke sykant van die hok so groot moet wees dat dit minstens tweekeer die vlerkwydte van die voël met die grootste vlerkwydte in die hok dek;

(i) 10 vierkante meter vir elke vo♪7l wat so groot of groter as ‘n eend is, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 50 vierkante meter mag wees nie en dat, in die geval waar sodanige voël kan vlieg, die hoogte van die hok sodanige moet wees dat dit minstens driekeer die vlerkspan van die voël met die grootste vlerkspan in die hok kan dek;

(j) 1 vierkante meter vir elke slang, luislange uitgesluit, met dien verstande dat geen hok kleiner as 2 vierkante meter mag wees nie;

(k) 10 vierkante meter vir elke Luislang of krokodil, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 20 vierkante meter mag wees nie;

(l) 1 vierkante meter vir enige ander reptiel of amfibie, met dien verstande dat geen kamp of hok kleiner as 2 vierkante meter mag wees nie.

(2) Die Administrateur kan wanneer hy ‘n permit ingevolge artikel 14(1) van die Ordonnansie uitreik, bepaal dat van die vereistes in subregulasie (1) gestel, afgewyk kan word in die mate wat hy goeddink, of dat sodanige verdere vereistes wat hy nodig ag, nagekom moet word.

8 ‘n Permit in artikels 11, 15 en 16 van die Ordonnansie bedoel, word nie ten opsigte van onverwerkte of gedeeltelik verwerkte ivoor van ‘n massa van 0,5 kg of meer uitgereik nie tensy sodanige ivoor geregistreer is by ‘n natuurbewaringsowerheid en met ‘n identifikasienommer gebosseleer is.

DEEL 2

Beroepsjagters

9(1) ‘n Permit in artikel 20(1) van die Ordonnansie bedoel, word nie uitgereik nie tensy –

(a) die aansoeker om sodanige permit geslag het met ‘n total van minstens 70% in die teoretiese toetse wat vir die doel gestel word;

(b) die permitgeld soos deur die Administrateur bepaal, betaal is;

(c) skriftelik bewys voorgelê word dat die aansoeker deur ‘n instelling, wat deur die Administrateur aangewys is, geskik bevind is om ‘n beroepsjagter te wees.

(2) ‘n Permit in subregulasie (1) bedoel, is aan die volgende voorwaardes onderworpe:

(a) Die permit is nie oordraagbaar nie en is ongeldig totdat die handtekening van die houer daarvan daarop aangebring is;

(b) geen wysiging ag op die permit aangebring word nie;

(c) die permit is onderworpe aan die bepalings van enige wet wat van krag is in die gebied waar daar kragtens sodanige permit opgetree word;

(d) die permit verval met die verlies of vernietiging van die dokument en geen afskrif daarvan word uitgereik nie;

(e) die permit is geldig vir ‘n tydperk van hoogstens 12 maande;

(f) die geld betaal vir die permit is nie terugbetaalbaar nie;

(g) die houer van die permit moet die permit, terwyl hy daarkragtens optree, by hom dra;

(h) die houer van die permit mag geen leeu, luiperd of jagluiperd wat nie minstens 3 maande vrylewend in ‘n gebied van minstens 100 hektaar groot voorgekom het aan ‘n persoon wat nie ‘n inwoner van die Republiek is nie, vir jag beskikbaar stel nie.

(3) (a) Die houer van ‘n permit in subregulasie (1) bedoel moet die volgende minimum fasiliteite en dienste aanbied:

(i) Voorsiening moet gemaak word vir die higiëniese slag en hantering van diere en die veilige bewaring van karkasse, vleis en trofeë;

(ii) wapens en ander jagtoerusting moet in goeie werkende orde wees;

(iii) daar moet behoorlike voorsiening vir die veilige bewaring van die kliënt se besittings, veral vuurwapens, wees;

(iv) die nodige lisensies, vrystellings, goedkeurings, permitte en ander dokumente moet vir die kliënt verkry word;

(v) waar huisvesting voorsien word, moet dit gerieflik, skoon en ruim genoeg vir die doel wees;

(vi) voorsiening moet gemaak word vir behoorlike sanitêre geriewe;

(vii) voedsel wat aan kliënte voorsien word, moet behoorlik voorberei word onder higiëniese toestande en voldoende eetgerei moet beskikbaar wees; en

(viii) voorsiening moet gemaak word vir die veilige vervoer van kliënte en hul eiendom en vir die behoorlike verwerking, hantering en versending van trofeë.

(b) Indien na inspeksie gevind word dat die fasiliteite en dienste wat deur die houer van ‘n permit in subregulasie (1) bedoel aangebied word, nie aan die vereiste standaard soos gestel in paragraaf (a) voldoen nie, kan sodanige permit teruggetrek word.

(c) Die houer van ‘n permit in subregulasie (1) bedoel mag geen fasiliteite of diens aanbied waaroor hy nie beskik nie of wat nie redelikerwys deur hom beskikbaar gestel kan word nie.

(4) Die houer van ‘n permit in subregulasie (1) bedoel -

(a) ……..

(b) gaan voor die aanvang van ‘n jag ‘n skriftelike ooreenkoms met die kliënt aan wat vir die volgende voorsiening maak:

(i) Die naam en permanente woonadres van die permithouer en die kliënt;
(ii) die adres waarheen die trofeë versend moet word;
(iii) die plek waar en tyd wanneer die permithouer se verantwoordelikheid begin en eindig;
(iv) die soort en geslag van die wilde dier wat vir jagdoeleindes aan die kliënt aangebied word en die tarief vir elke wilde dier wat gedood of gekwes word;
(v) enige ander fasiliteite en dienste wat voorsien of gelewer sal word en die tarief vir elke sodanige fasiliteite of diens;
(vi) die aantal dae wat nodig sal wees vir die jag en die tarief per dag; en

(d) hou 'n register by waarin die volgende besonderhede aangeteken word van elke jag waarop hy 'n kliënt begelei het:
(i) Die naam en permanente woonadres van die permithouer en elke kliënt;
(ii) die naam van elke plaas waarop, en elke distrik waarin, die jag plaasgevind het en die naam van die eienaar van elke sodanige plaas;
(iii) die soort, aantal en geslag van die wilde diere wat die kliënt op elke plaas gedood of gekwes het en die datum waarop elke wilde dier gedood of gekwes is;
(iv) die datum waarop die jag 'n aanvang geneem het en afgehandel is.

DEEL 3

Vis en Ander Waterdiere

10 'n Lisensie in Artikel 23(1) van die Ordonnansie bedoel, word slegs uitgereik na betaling van die bedrag soos deur die Administrateur bepaal en is onderworpe aan die volgende voorwaardes en vereistes:
(a) Die lisensie is nie oordraagbaar nie en is ongeldig totdat die houer daarvan sy handtekening daarop aangebring het;
(b) die lisensie is slegs geldig in sy oorspronklike vorm en geen verandering mag daarop aangebring word nie;
(c) die geld betaal vir die lisensie is nie terugbetaalbaar nie;
(d) die lisensie verval met die verlies of vernietiging van die dokument en geen afskrif daarvan word uitgereik nie;
(e) die lisensie is geldig vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande wat op 31 Desember eindig.

11(1) Behalwe kragtens 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand-
(a) meer vis van 'n soort hier onder gespesifiseer op enige dag vang en behou nie as die getal ten opsigte van sodanige soort aangedui:

Geelvis (***Barbus*** – soorte)	10
. . . . .	
Forel (***Salmo*** – soorte)	6

(b) 'n vis van 'n soort hier onder gespesifiseer wat korter is as die lengte aangedui, behou nie, maar moet sodanige vis onmiddellik terugplaas in die water waaruit dit gevang is:

Kleinbekgeelvis (***Barbus holubi***)	30 sentimeter
Grootbekgeelvis (***Barbus kimberleyensis***)	30 sentimeter
. . . . .	
Forel (***Salmo*** – soorte)	30 sentimeter

(2) Niemand mag lewende vis as aas gebruik nie.

12 Behalwe kragtens 'n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand in die waters van die Sterkfonteindam, distrik Harrismith, gedurende die periode 1 Mei tot 31 Oktober, anders hengel dan deur gebruik te maak van 'n enkellyn waaraan net een kunslokmiddel of lepel of een of meer kunsvlieë geheg is nie.

13(1) Niemand mag ‘n hengelwedstryd of –kompetisie organiseer of hou nie, behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word.

(2) Niemand mag aan ‘n hengelwedstryd of –kompetisie deelneem nie tensy dit ingevolge subregulasie (1) gemagtig is.

14 Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van artikel 28 van die Ordonnansie, mag niemand, behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, ‘n ander waterdier as ‘n vis in die Provinsie invoer, lewend verkoop of in water plaas of daarin loslaat nie.

DEEL 4

Inheemse Plante

15 ‘n Dokument in die voorbehoudsbepaling by artikel 33(2)(b) van die Ordonnansie bedoel, moet die volgende besonderhede bevat:

(a) Die naam en woonadres van die verkoper of skenker;
(b) die naam en die woonadres van die koper of ontvanger;
(c) die soorte plante wat verkoop of geskenk is en die aantal van elke soort;
(d) die datum van verkoop of skenking.

DEEL 5

Natuurreservate

16 In hierdie Deel beteken –

“**natuurreservaat**” ‘n Provinsiale natuurreservaat waarna in artikel 35 van die Ordonnansie verwys word;

“**watervlak**” die watervlak in ‘n natuurreservaat.

17(1) Behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word, mag niemand, behalwe ‘n bevoegde beampte wat in ‘n amptelike hoedanigheid optree –

(a) in ‘n natuurreservaat ingaan nie, behalwe by ‘n aangeduide ingang en op die wyse wat op ‘n kennisgewingbord by die ingang aangedui word;
(b) ‘n motorvoertuig teen ‘n snelheid vinniger as 50 kilometer per uur in ‘n natuurreservaat bestuur nie;
(c) ‘n brandende of smeulende voorwerp in ‘n natuurreservaat weggooi of op enige plek laat nie;
(d) ‘n vuurwapen, pyl en boog, rekker, windbuks of enige ander wapen in ‘n natuurreservaat inbring of gebruik nie;
(e) ‘n dier of plant in ‘n natuurreservaat inbring of toelaat dat dit ingebring word nie;
(f) ‘n dier in ‘n natuurreservaat voer, beseer of versteur nie;
(g) ‘n plant of voorwerp in ‘n natuurreservaat beskadig of daaruit verwyder nie;
(h) ‘n vuur in ‘n natuurreservaat maak nie anders as op ‘n aangeduide plek;
(i) ‘m motorvoertuig in ‘n natuurreservaat anders as op ‘n aangeduide pad of parkeerterrein bestuur of parkeer nie, of anders as op ‘n aangeduide plek uit so ‘n motorvoertuig in ‘n natuurreservaat klim nie;
(j) in ‘n natuurreservaat op ander tye as die aangeduide vertoef of daarin wees nie;
(k) in ‘n natuurreservaat enige afvalmateriaal, rommel of skadelike voorwerp of vloeistof weggooi of agterlaat nie behalwe op ’n plek of in ‘n houer wat vir die doel afgesonder of aangewys is;
(l) ‘n redelike opdrag van ‘n diensdoenende beampte of lasgewing vervat in ‘n openbare kennisgewing in ‘n natuurreservaat ignoreer of verontagsaam nie;
(m) in ‘n natuurreservaat op ander plekke as die aangeduide hengel nie;
(n) In ‘n natuurreservaat enigiets doen wat ‘n oorlas, belemmering of hindernis vir die publiek kan wees nie;

(o) ‘n voertuig in ‘n natuurreservaat bestuur nie terwyl hy onder die invloed van sterk drank of ‘n verdowingsmiddel wat ‘n narkotiese effek het, is;
(p) enige omheining van ‘n natuurreservaat beskadig of daarmee pouter nie;
(q) ‘n dier vaunt ‘n natuurreservaat verwyder nie;
(r) ‘n natuurreservaat binnegaan nie tensy hy in besit is van ‘n geldige toegangskaartjie.

(2) Besoekers aan ‘n natuurreservaat gaan sodanige natuurreservaat op eie risiko binne en die Administrasie is nie aanspreeklik vir enige verlies, besering of skade wat ‘n besoekers mag ly terwyl hy in so ‘n reservaat is nie.

18 Niemand mag –
(a) ‘n vaartuig op enige watervlak te water laat of gebruik nie –
(i) behalwe kragtens ‘n permit wat deur die Administrateur uitgereik kan word; en
(ii) tensy dit toegerus is met voldoende reddingstoerusting vir die persone wat daarop vervoer word;
(b) ’n motoraangedrewe vaartuig op enige wateroppervlak beheer of bestuur tensy hy sestien jaar oud of ouer is;
(c) ‘n vaartuig op nalatige of roekelose wyse op enige watervlak gebruik nie;
(d) op enige watervlak ski tensy hy ‘n veiligheidsgordel dra nie;
(e) ‘n motorboot op enige watervlak gebruik binne 50 meter van swemmers, skilopers, seil- of roeibote of hengelaars nie;
(f) enige afvalmateriaal, rommel of skadelike voorwerp of vloeistof op enige watervlak gooi nie;
(g) vanaf ‘n vaartuig op enige plek aan land gaan nie behalwe op aangeduide plekke;
(h) ‘n vaartuig op enige watervlak gebruik nie behalwe in ‘n aangeduide gebied;
(i) ‘n vaartuig op enige watervlak te water laat nie tensy daar minstens twee doeltreffende roeispane en ‘n doeltreffende waterpomp of skepapparaat op die vaartuig is;
(j) ‘n vaartuig tussen sonsondergang en sonsopgang op enige watervlak gebruik nie sonder ‘n lig wat van alle kante sigbaar is;
(k) ‘n vaartuig wat met ‘n spoelkloset toegerus is, op enige watervlak gebruik nie.

19(1) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken –
“**bees**” ‘n bul, koei, os, vers, jongos of kalf;
“**perd**” ‘n hings, merrie, reunperd, hings- of merrievul, donkie of muil;
“**skaap**” ‘n ram, ooi, hamel, lam, bokram, bokooi, kapater of boklam;
“**vee**” ‘n bees, perd of skaap.

(2) ‘n Bevoegde beampte kan enige vee wat op ‘n natuurreservaat oortree in bewaring neem en sodanige vee word nie uit sodanige bewaring losgelaat nie behalwe teen betaling deur die persoon wat sodanige loslating versoek, van die bedrag soos deur die Administrateur bepaal.

(3) Wanner vee ingevolge subregulasie (2) vir ‘n tydperk van minstens 14 dae in bewaring aangehou is, kan sodanige vee per openbare veiling of tender verkoop word nadat minstens 14 dae kennis, met ‘n beskrywing van die vee, van die verkoping gegee is in ‘n nuusblad wat in die gebied waar die vee in bewaring is , in omloop is: met dien verstande dat indien sodanige vee losgelaat word voor die tyd wat vir die verkoping bepaal is, die persoon wat die loslating verkry het, benewens die bedrag wat vir sodanige loslating betaalbaar is, die koste wat in verband met die verkoping opgeloop het, moet betaal.

(4) Die opbrengs van ‘n verkoping ingevolge subregulasie (3), minus die koste opgeloop in verband met die verkoping en die bedrag wat betaalbaar sou gewees het vir die loslating van die betrokke vee ten

tyde van die verkoping losgelaat sou gewees het, kan op aansoek aan die eienaar van die vee betaal word.

(5) Niemand mag vee wat ingevolge subregulasie (2) in bewaring gehou word, verwyder van die plek waar dit in bewaring is tensy die bedrag wat ingevolge genoemde subregulasie vir die loslating van sodanige vee betaalbaar is, betaal is nie.